**PREDIKANTE:**
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

**JEUGMENTOR:**
Louis Aucamp
☎ 074 150 2022

**WEBBLAD:**
www.gkbenoni.co.za
**FACEBOOK:**
https://www.facebook.com/GKBenoni/

# Gereformeerde Kerk Benoni

Rom 12:2

# Polsslag

19 November 2017

**ADMINKANTOOR:**
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

**KOÖRDINEERDER**
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za
**BERIGTE:**
polsslag@gkbenoni.co.za

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.*

## VANDAG SE EREDIENSTE:

**OGGENDDIENS 09:00**
**dr. Braam Krüger**

***Skrifgedeelte**: Titus 3: 1-11*
***Fokusverse**: Titus 3: 8*
***Tema:** Dissipels van Jesus is agente vir metamorphose*

**AANDDIENS 18:30**
**ds. Louis Buys**

***Skrifgedeelte:**1 Johannes 3: 1-10 &*
*Romeine 3: 9-12*
***Fokusvers:**1 Joh 3:9 & Rom 3:10-12*
***Tema:** Is daar 'n teëspraak in die Bybel?*

*HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.*
*KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.*

| DIENSBEURTE | | |
|---|---|---|
| **DAG** | **TEESKINK** | **OUDERLING** |
| Vandag | Wyk E26A olv Anro van Zyl | Ronel Ritchie |
| 26 Nov | Wyk A6 olv Fanie Gouws | Evert Bolt |

## KNIELTYD - want ons gee om vir mekaar

**MEELEWING:**

- Ons innige meelewing gaan uit na Gideon en Rita Hall en hul families wat hul seun, Adriaan aan die dood afgestaan het op 18 November. Ons dink ook aan Dick en Marié Kruger wat skoonouers van Gideon is. Mag hul ryklik vertroos word.

**ONS DRA DIE VOLGENDE LIDMATE OP IN GEBED VIR SPOEDIGE BETERSKAP:**

- Jan Lubbe was 14 November geopereer om 'n vergroeisel aan sy maag te laat verwyder. Ons bid dat daar geen kwaadaardigheid sal wees nie, en dat hy spoedig herstel.
- Tannie Babs was Woensdag in die Linmed opgeneem nadat sy verdwaal het.

**GELUKWENSING:**

- Ruan Steyn het Woensdag preekkonsent gekry tydens 'n promosieplegtigheid by die Teologiese skool Potchefstroom.
- Baie geluk aan Jan & Charné Vorster wat in die huwelik getree het die 11de November.
- Baie geluk aan Theunis en Edene Haasbroek wat gister, 18 November in die huwelik getree het.

*Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.*

**GK BENONI BANKBESONDERHEDE:**

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Debietordervorms is beskikbaar vir maandelikse dankoffers.

Of Snapscan:

Diens van Barmhartigheid

Streeksinode

## DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

| DAG | | AKTIWITEIT | LOKAAL | KONTAKPERSOON |
|---|---|---|---|---|
| Vandag | 08:00<br>09:00<br>11:30 | Gebedsgroep<br>Peutersorg<br>Gemeente-ete | Ou moederskamer<br>Kerkhuis<br>Kerksaal | Donsie Krüger<br>Anneke Salomons<br>Donsie Krüger |
| Maandag | 09:30 | Bybelstudie | Rynpark 5 | Adrie Goede |
| Woensdag | 10:00 | Nagmaal te Rynpark | Rynpark 6 sitkamer | |
| Vrydag | 09:00 | Bybelstudie met Braam | Konsistorie | Braam Krüger |

## DATUMS OM TE ONTHOU

26 Nov Muntlegging na oggenddiens
26 Nov Songs of Praise @ 15:00

## GEDENKPLAAT

Ons gemeente het saam met die Eben Donges Voortrekkerkommando, 'n gedenkplaat onthul wat hulle op ons kerkterrein aangebring het.
Ons is dankbaar om die hervorming van 500 jaar gelede saam met hulle te gedenk. Gaan kyk gerus onder die bome in die tuin agter die hoofingang van ons kerkgebou.

## GOSPEL OPTREDE

Ds Hennie Roets van die Ebenaeser gemeente nooi ons na 'n gratis gospeloptrede by die Actonville kerkgebou. Die sanger is Julius Magan

Wanneer: 24 & 25 November om 18:00
Waar: 1063 Mayet Rylaan, Actonville - 24 November
Mackenziepark gemeente - 25 November

Skakel gerus vir Hennie by 071 362 7873.

## KATKISASIE AFSLUITING

Katkisasie afsluiting vind plaas 24 Nov 2017 in die vorm van "KOM KAMP"

Adress: 24 Boden str, Benoni Smallfarms
Slaan tent op vanaf 16h00
Bring 'n pakkie chips of koeldrank, eie tent en slaapgoed
Vertrek Saterdag oggend om 07h30
Hoërskool kinders kan deurnag LAN vanaf 23h00
Rsvp by Adri 082 818 6063 voor 22 Nov

Adri van Tonder
Lahani Lodge
082 818 6063

## NAGMAALSETE 19 NOVEMBER 2017 @ 11:30

Alle lidmate word van harte uitgenooi na die gemeentelike nagmaalsete wat na die oggenddiens in die saal aangebied word.
Op die spyskaart is macaroni en kaas gereg, slaaie en 'n broodrolletjie. Daar sal sjokolade poeding met roomys as nagereg wees.
Bring asb eie eetgerei, stoele (as jy wil) sonsambreel en drinkgoed en kom geniet hierdie koinonia geleentheid saam met ons.

Daar is 'n vrywillige minimum donasie van R20 per persoon om te poog om die uitgawes te delg.

## SONGS OF PRAISE 2017
## SYMPHONY OF LIGHT
## GEREFORMEERDE KERK BENONI
## SONDAG 26 NOVEMBER 2017 @ 15:00

Cantare Jubiloso koor gaan ons weer bekoor onder die bekwme leiding van wel bekende dirigent Richard Cock en gaskunstenaars Nicolas Nicolaidis(tenoor) & Douwe Bijkersma (baritoon).
Kaartjies vanaf R130 tot R220.
Kaartjieverkope sal in die konsistorie na die oggend-dienste tot 11:00 gedoen kan word.
Bring asb. jou bankkaart of kontant saam.
Sitplekke beperk, so bespreek jou kaartjies vroegtydig.
Aanlyn kaartjieverkope sluit Donderdag, 23 Nov.
Kaartjies aanlyn beskikbaar by www. **Quicket.co.za** se webblad, of kliek op die skakel op die gkbenoni se webwerf.
Kaartjies kan Maandae en Donderdae tussen 9:00 en 13:00 by die kerkkantoor gekoop word.

Navrae : Ronel Ritchie 081 218 3048 of
Derik van Niekerk 081 475 4751

## VERJAARSDAE 12 –18 November

| DAG | NAAM | KONTAK NO. |
|---|---|---|
| Sondag 19/11 | Nushka Reichmannn<br>Franco Reichmann<br>Juan Smit ☺ | 064 909 7742<br>074 833 9962 |
| Maandag 20/11 | Maxine Beyleveld<br>Elize Booysen<br>Louis Buys | 082 754 1275<br>082 852 7834<br>082 927 2034 |
| Dinsdag 21/11 | Markus Jansen ☺<br>Jorita Viljoen | <br>079 545 4125 |
| Woensdag 22/11 | Rita Suurd | 079 545 4125 |
| Vrydag 24/11 | Yvonne Bloem<br>Corrie Deenick<br>Jan Lubbe *<br>Johan van Dyk<br>Tatiana Viviers ☺<br>Günter Wisser ☺ | 084 500 6024<br>084 500 7039<br>082 852 4470<br>083 629 2920 |
| Saterdag 25/11 | Lenita Viviers ☺ | |

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤ )

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

### KLANK EN PROJEKTOR:

Die klank en projektor vorm 'n integrale deel van die erediens – daarsonder kan die erediens nie voortgaan nie. Daarom is die persone wat die stasie beman net so belangrik.
Ons doen weer asb, 'n **DRINGENDE** beroep op enige persoon/e(manlik, vroulik, Gr 7-12, jongmense of ander) wat belangstel om betrokke te raak om asb. na vore te kom. Ons het regtig dringend nog mense nodig.
Die nodige opleiding word verskaf en ondersteuning is altyd beskikbaar.

Kontak Tarina van der Merwe by 083 785 5345

### GEREFORMEERDE EERSTEJAARSKAMP 2018

Tema: "'n Nuwe Lewe"
Waar: Nooitgedacht Kampterrein
Wanneer: 8 - 12 Januarie 2018
Koste: R950 per person

Kontak Jan Gerhard 083 653 4938
Of Elje van der Walt 076 630 7006



### FRANKFORT RIVIERTOER 2017
### 29 NOVEMBER - 3 DESEMBER 2017

Die Riviertoer is deel van die GK Frankfort gemeente-inisiatief, in samewerking met die deputate jeugsorg vd GKSA, om met hulp van regoor die land, ons kerke-jeug te bedien.

- Waar: Plaas Zorgvliet – Tweeling distrik naby Frankfort
- Wanneer: 29 November tot 3 Desember 2017.
- Wie: Hoërskool leerders (Gr. 8-12)
- Koste: R770 per kind
- Hoe: Inskrywingsvorm beskikbaar deur die woord "Riviertoer" na polsslag@gkbenoni.co.za te stuur.
- Tema: Strome …

Algemene navrae: Sanette Struwig - 073 027 9181
sanette.struwig@gmail.com of
Jorinda Wessels 082 927 9807 of
Hanli Buys 072 200 1155

### WEEKLIKSE BYBELVRAAG

Verlede keer 12 November 2017 se antwoord was: Genesis 11: 27
" Hier volg die geskiedenis van Tera. Tera het die vader geword van Abram, Nahor en **Haran,** en **Haran** het die vader geword van Lot. "
Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur: Una Steyn; Klein de Kock ; Judy Greyling en Chrissie Pretorius

**Hierdie week: Soek die Bybelvers**
" en gebid. Die Here was hom genadig en het sy smeekbede verhoor en hom laat terugkom na Jerusalem, na sy koningskap toe. Toe het **???????** geweet dat die Here God is."
Vraag: Watter koning van Juda was vir 'n ruk in Babel in die tronk gestop met hake in sy neus?
Lees gerus Kronieke en noem hierdie koning se naam en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou naam en van na 082 873 3173.

### KOLLEKTES van 12 November

- Diens van barmhartigheid : R 3496
- GTV : R 1421
- Bybelverspreiding : R 3864

**Vandag:** Onder die diens: Diens van Barmhartigheid
By die deure: Streeksinode

**Volgende week: Bybelverspreiding**

**Belangrike terugvoering aan gemeente i.v.m. met die begroting en werklike syfers vir die finansiele jaar 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018**

Aan alle lidmate wat getrou hul tiendes as dankoffer bring sê ons met groot dankbaarheid dankie.
In die vorige finansiële jaar was daar 'n tekort van ongeveer R12,000 per maand en ons het die begrote tekort vir die huidige jaar op ongeveer R13,000 per maand vir die volle jaar geskat.
Uitgawes word sover moontlik beperk en daar is selfs geen verhogings toegestaan op salarisse van personeel en traktement van ons predikante nie.
Dit gesê, die eerste 4 maande se dankoffer inkomste van hierdie finansiële jaar toon egter dat die inkomste wat ons voor begroot het, heelwat minder is as die ooreenstemmende tydperk laasjaar en ook heelwat minder as verwag. Ons huidige tekort kom dus neer op R30 000 gemiddeld per maand oor die afgelope 4 maande.
Ons verstaan dat dit huidiglik 'n baie moeilike ekonomiese tyd is vir almal.
Die werklikheid is dat daar 'n gedeelte van die gemeente se lidmate is wat glad nie dankoffers gee nie en 'n gedeelte wat ongereeld of nie na vermoë dankoffers maak nie. Ons doen 'n opregte en indringende beroep op hierdie lidmate, om selfondersoek in te stel oor hierdie saak en ons te help om toe te sien dat ons God se Koningkryk kan uitbrei met oorgawe.
Lidmate word ophoogte gehou van die ontvangs van hulle dankoffers d.m.v. epos en sms en ouderlinge en wykleiers sal met huisbesoek die Woord bedien oor ons verantwoordelikhede.

Lidmate kan met ouderling Evert Bolt kom gesels indien daar vrae is oor die syfers of enige ander aspek van die gemeente se finansies of hulle dankoffers. Of skakel op tel 082 4460794

Indien U geen kommunikasie ontvang nie, sal u asseblief met ons kontak maak sodat ons u korrekte inligting op die stelsel kan aanbring.

Sien die volgende grafiek en tabel wat ons finansies uitbeeld:




| 1 Julie tot 31 Okt 2017 vergelyk met selfde tydperk laas jaar | | | | | | Begroot hierdie jaar- 1 Julie 2017 – 30 Junie 2018 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Werklik laas jaar | Werklik hierdie jaar | Begroot vir 4 maande | Afwyking vir 4 maande | | |
| Dankoffers | 1,083,788 | 978,020 | 1,080,024 | R 102,004 tekort | | 3,240,072 |
| Totale Inkomste | 1,159,815 | 1,065,694 | 1,121,664 | R 55,970 tekort | | 3,364,992 |
| Uitgawes | 1,118,185 | 1,219037 | 1,258079 | R 39,040 minder spandeer | | 3,492,587 |
| | | | | | | |
| Tekort | 43,630 oorskot | 130,345 tekort | 113,416 tekort | R 16,929 meer tekort as verwag | | 150,594 tekort |